

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
18 Januarie 1981

Boodskap: Goddank, ook die God van Isak en Jakob

Lees: Exodus 3 verse 7 tot 17

Teks: Exodus 3 vers 15

Sing: Gesang 5 verse 1 en 2
Gesang 245 vers 11
Gesang 253 verse 1 en 3

“Broers en Susters, hoe ontsteld en ongelukkig kan ’n mens tog voel as jy iemand ontmoet wie se gesig jy goed onthou, maar wie se naam jy vergeet het.

“Ons maak dan maar of ons presies weet wie hy is; gesels land and sand met hom, maar intussen werk ons gedagtes oortyd om tog sy naam te onthou. En al die tyd hoop ons dat niemand van ons kennis by die geselskap sal aansluit en ons hulle aan mekaar moet voorstel nie. Dit bring ’n mens soms in groot verleentheid.

“Iets soortgelyks was Moses se probleem toe die HERE hom na Egipte gestuur het om sy bevrydingsplan vir Israel aan te kondig.

“Moses het ook ’n ander probleem met hierdie opdrag gehad. Hy was bang om na Egipte terug te keer uit vrees dat hulle hom sou herken en sy politieke moord van veertig jaar gelede sal onthou.

“Maar die grootste beswaar wat Moses opper, was dat hy nie geweet het met watter naam hy die HERE aan die volk bekend moes stel nie! ‘Maar as ek by die kinders van Israel kom en aan hulle sê: Die God van julle vaders het my na julle gestuur, en hulle my vra: Hoe is sy naam? - wat moet ek hulle antwoord?’ (Ex 3:13)

“Dit mag vir ons vreemd klink dat Moses moeite met die Naam van die HERE gehad het. Ons moet egter onthou dat hy in sy jeug opgevoed is in al die wysheid van Egipte. Hy het nie die teologiese opleiding gehad, waar hy al die wysheid en kennis van die Ou Testament kon opdoen nie. Moses het aan die begin van die openbaringsgeskiedenis gestaan. Daar was nog geen letter van die eerste vyf boeke van die Bybel geskrywe nie. [Moses moes dit nog self skryf.] Al wat hy van God

geweet het, was wat hy in sy kinderdae van sy moeder geleer het.

“Vir sy volk was die probleem nog groter. Hulle het toe al oor die vier honderd jaar in Egipte gewoon te midde van ’n heidense volk wat baie gode en baie here aanbid het. As Moses dus onder hulle sou verskyn met ’n boodskap van ‘Die HERE God van julle vaders’ dan sou dit nie sonder meer duidelik wees wie dit was wat Moses bedoel het nie. Moses sou die HERE op ’n duidelike wyse aan hulle moes voorstel om Hom aanvaarbaar vir hulle te maak.

“Dit is in hierdie verband dat God sy Naam aan Moses te kenne gee. Sy spesiale Naam, sy lieflingsnaam, waarmee Hy in besonder aangespreek wil word: ‘Dit moet jy aan die kinders van Israel meedeel: die HERE, die God van julle vaders, die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob, het my na julle gestuur. Dit is my Naam vir ewig, en dit is my gedenknaam van geslag tot geslag.’ (Ex 3:15)

“Die God van Abraham, Isak en Jakob. So wil die HERE van hemel en aarde bekend wees. So wil Hy deur die eeue geken wees. So mag ons Hom aan ander voorstel.

“Laat my toe om die HERE, die God van ons vaders, vanmôre aan u voor te stel as die God van Abraham, Isak en Jakob.

“Die God van Abraham. Dit klink nie vreemd in ons ore nie. Dié twee pas bymekaar: God en Abraham. Op ’n enkele uitsondering na was daar ’n gedurige harmonie tussen hulle. Dwarsdeur die Bybel is Abraham bekend as ’n ware Godsman, ’n regte geloofsheld, ’n man met ’n onbepaalde vertroue op God. Nie verniet is aan hom die ere naam vader van die gelowiges gegee nie. Met hom kan God dan ook ’n ewige verbond sluit.

“Toe God hom roep om sy land en sy familie te verlaat en weg te trek na ’n land wat Hy hom sal wys, toe argumenteer hy nie, maar hy het gegaan omdat hy geglo het.

“Toe hy later sy enigste seun moes offer en aan God teruggee, probeer hy nie om hierdie menslik gesproke onredelike eis te ontduik nie, maar is hy bereid om God te gehoorsaam tot die uiterste toe.

“Broers en Susters, Abraham se verhouding met God was reg. Maar ook Abraham se verhouding met sy naaste was reg. En dit is ’n belangrike saak. Daar is baie goeie gelowiges wie se vertikale verhouding met God

reg is, maar hulle is onmoontlike mense om in die samelewing mee klaar te kom.

“Met Abraham was dit anders. Toe hy en Lot moes kies watter deel van die land hulle troppe moes beweë, gee hy aan Lot die keuse en Lot kies die beste. Toe Lot later in die moeilikheid beland en met al sy besittings as krygsgevangene weggevoer word, het Abraham hom nie verheug en gesê dit is Lot se verdiende loon nie. Nee, hy het hom gaan bevry. Abraham se verhouding met God en sy medemens was reg. Daarom vind ons hom as voorbidder vir Sodom en Gomorra ter wille van die regverdiges.

“Dat God sy Naam verbind het met ’n man van so ’n uitsonderlike geloofsgehoorsaamheid, offerbereidheid en onbaatsugtige diens, kan ons dus verstaan. Dit klink amper vanselfsprekend.

“Ons is bevoorreg dat God die God van al ons grotes is: Moses, Dawid, Jesaja, Daniël, Paulus, Augustinus, Luther, Calvyn, Paul Kruger, noem maar op. Dit is mos ons mense daardie, waarop ons trots is.

“Broers en Susters dat God die God van Abraham is, voel ons is niks meer as reg nie. Maar God verbind sy Naam nie net aan Abraham nie. Ons teks gaan verder en sê: ‘en die God van Isak’.

“Isak was ’n heeltemal ander figuur as Abraham. Waar Abraham se naam ‘verhewe vors’ beteken, is dit by Isak beslis anders gesteld. Isak weerspieël in sy doen en late iets van sy naam, wat beteken: “n gelag’.

“Inderdaad is hy soms lagwekkend in sy optrede. Hy het min stoers en manlik in hom gehad. Hy was ’n bedeesde, onbeduidende slap karakter. Hy het blykbaar nie eens die moed gehad om vir homself ’n vrou te soek nie. Ander moes dit vir hom doen. Rebekka was ook die een wat alles in die huis moes reël. Maar Isak was nie ’n slegte mens nie. Inteendeel hy was doodgoed. Hy was selfs vroom, maar dit was geen stoere vroomheid nie. Sy hele bestaan was vaal, onbeduidend en middelmatig. ’n Mens kan eintlik vir hom jammer voel.

“Een keer in sy jongelingsjare doen hy egter iets wat belofte inhou - iets wat mens laat verwag dat hy sou opgroei as ’n geloofsheld. Dit was toe hy en sy vader op weg was na Moria en hy vra: ‘My vader ... maar waar is die lam vir ’n brandoffer?’ (Gen 22:7) Toe Abraham hom antwoord: ‘God sal vir Homself die lam vir ’n brandoffer voorsien...’ moes hy geweet het wat op hom wag. Desondanks gaan hy saam en laat hom selfs gewillig bind en op die altar as offer plaas, in volle

vertroue op die HERE. En daardeur het hy 'n voorafskadu geword van Jesus wat op Golgota sou sterwe.¹

“Hier was klein Isak in 'n oomblik groot. 'n Seun wat groot verwagtings kon wek. Maar daarby bly dit ook. Die beloftes word nooit 'n werklikheid nie. Die knop word nie 'n blom nie. Sy lewenstroompie versand in 'n spruitjie van alledaagsheid. Hy word een van daardie mense wat weinig beteken nog vir hulself, nog vir iemand anders.

“Dit was Isak.

“Voel u dalk aan hom verwant? Luister dan goed wat ons teks sê: God is nie net die God van Abraham nie, maar ook die God van Isak. God verbind hom in sy Naam nie net aan heldhaftiges soos Abraham nie, maar ook aan daardie niksbeduidende, vaal, middelmatige figure soos 'n Isak.

“Dat God die God van Abraham is, is heerlik. Maar dat Hy ook die God van Isak is, is troosvol.

“Maar Broers en Susters, daarmee is die lieflyngsnaam van die HERE nog nie ten volle uitgespel nie. Nee, Hy gaan verder en sê: ‘Ek is ook die God van Jakob’.

“Ons het gesien hoedat ons van Abraham amper niks as iets goeds kan sê nie. By Isak kan ons nie veel verhewends vind nie. By Jakob lê die saak heel anders. By hom lê die verkeerde, die verdraaide somer oop en bloot.

“Die verkeerde was by Jakob so te sê ingebore. Sy naam beteken ‘hakskeengryper’. Reeds by geboorte het hy sy tweeling broer probeer pootjie. En dit het 'n karaktertrek van sy lewe gebly. As hy vandag onder ons sy streke sou uithaal, sou ons hom ronduit 'n skelm noem.

“Kyk maar hoe hy sy ouer broer se eersgeboortereg afpers. En op watter skandelige manier bedrieg hy nie sy blinde vader nie. Oor sy hele lewe hang hierdie wolk van bedrog en oneerlikheid. Dit neem nie lank vir so 'n mens om in allerlei intriges betrokke te raak nie.

“Nee, Jakob was nie 'n man wat ons as penningmeester van die boerevereniging sou aanstel nie en die ouderlingsbank sou hy nooit haal nie.

“Tog het God - ek hoop u voel die onuitspreeklike wonder daarvan aan - tog het God sy lieflyngsnaam ook aan Jakob verbind: ‘Ek is die God van Jakob’.

¹ Moria is waar Jesus Christus gekruisig is. God het Abraham laat gaan na dieselfde plek waar Jesus Christus as Offerlam sou sterf.

“Jakob wou op slinkse manier sy toekoms uitwerk en God het hom laat begaan, maar hom nooit losgelaat nie. Die wakende oog van God was steeds oor hom.

“As hy vlug vir die wraak van Esau en in die nag in die eensame woestyn gaan lê, gaan die Hemel in ’n droom vir hom oop. Verbaas moes hy uitroep: ‘Waarlik, die HERE is op hierdie plek, en ék het dit nie geweet nie.’ (Gen 28:16)

“Toe hy vir sy woedende skoonvader vlug, stop die HERE Laban en sê: ‘Pas nou op dat jy met Jakob geen goed of kwaad spreek nie.’ (Gen 31:24)

“God het Jakob nooit losgelaat nie. By Pniel het hy ’n ontmoeting met God en kom hy tot die bevrydende ontdekking van God se trou oor sy lewe. Daarop roep hy uit: ‘o God van my vader Abraham en God van my vader Isak, o HERE, wat my beveel het: Gaan terug na jou land en na jou familie, en Ek sal aan jou goed doen - ek is te gering vir al die gunste en al die trou wat U aan u kneg bewys het ...’ (Gen 32:9-10)

“U vra, maar waarom bly God dan getrou oor ’n skelm? Waarom verbind Hy sy Naam vir ewig met dié soort mens?

“Ons kan maar net sê, dit is God se onbegryplike genade.

“Die God van Jakob is die Evangelie voluit. Hier kom die ware karakter van God na vore. Hier klop die hart van die blye boodskap van God se trou en genade. God is dus nie alleen die God van hulle wat goed is nie. Hy is ook nie net die God van die onbeduidende mense nie. God is beslis en veral die God van hulle soos Jakob, wat nie werd is dat Hy na hulle sou omsien nie. Die God van Jakob is die God wat Hom met sy Naam en met sy hele wese aan die sondige mens verbind. Dit is die kern van die Evangelie.

Hy is nie bang om sy hande vuil te maak aan ons wêreld en aan u en my bestaan nie. Hy wat in sy Seun sover gaan om vlees te word. God kom in Christus Jesus hier tussen ons staan, hier waar ons in sonde lê. Dit is hier waar Hy ons wil aangryp en ons voete wil plaas op die pad na sy Koninkryk. Hy is nie nét die God van Abraham, Isak en Jakob nie, maar ook jou God: ‘Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand.’ (Jes 41:10)

“Mag ons hom almal so leer ken, so hier aanroep en so leer liefhê en so aan ander bekend stel.

“Amen.”

“Die HERE sal julle seën en julle beskerm. Die HERE sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees. Die HERE sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee’.
“Amen”